DIE TERUGREIS

NA BINNE

Uit die boek Spiritual Disicplines Adele Calhoun

DEEL TWEE
MAAK MYSELF OOP VIR GOD

Om aandag te gee aan iemand wat my besoek is ‘n belangrike deel van die onstaan van ‘n verhouding tussen ons. In der waarheid kan ons so afgetrokke wees (deur ons besig wees met alles wat ons moet doen) dat ons soms dwarsdeur die persoon kyk , en selfs die wat ons liefhet afskeep. Om oop te wees en teenwoordig te wees vir iemand anders gebeur nie outomaties nie. Dit vereis vaste voornemens en die begeerte om so op te tree. As ons nie verhoudinge met ander mense kan ontwikkel nie, kan ons ook nie verwag om ‘n goddelike vriendskap te ontwikkel sonder vaste voorneme en begeerte nie.

Om doelbewus te leer om te weet wanneer die Here by ons verskyn is ‘n groot deel van ons spirituele reis. Ons kan tog nie onsself oopstel vir iemand van wie ons nie eens bewus is nie. Die O-spirituele dissiplines help ons om aandag te gee aan ons lewens en God se aktiwiteite daarbinne. Dit maak ons oop vir die waarheid oor onsself. Onvermydelik lei een waarheid dan tot ‘n ander. Hoe meer ons met God eerlik is oor onsself, hoe meer opreg kan ons verhouding met die Drie-eenheid wees.

Die “openingsdissiplines” leer ons spesifiek hoe om plek te maak in ‘n gejaagde en vol lewe om te let op die bewegings van die Gees van God. Hierdie dissiplines kan ons lei tot ‘n dieper kennis van hoe ons aanvaar word, ontvang word en liefdevol geken word deur God. Om hierdie liefde te ontvang beweeg ons tot aanbidding.

OORDENKING
BEGEERTE
om bewus te word van die teenwoordigheid van God in alle dinge

DEFINISIE
“Oorpeinsing (oordenking) is om wakker te word, om ‘n gebeurtenis ten volle te beleef, al die aspekte daarvan.” (Ronald Rolheiser in The Shattered Lantern)

SKRIFTUUR
“Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig. (2 Korintiërs 4:18)

““Die Here” beteken hier “die Gees”, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.” (2 Korintiërs 3:17-18)

“God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. Of soos party van julle digters ook gesê het; ‘Ons stam van Hom af.’” (Handelinge 17:27-28)

BEOEFENING (sluit in)

• beoefening van die teenwoordigheid van God
• asemhalingsgebed, eenvoudige gebed, gebed uit die hart
• neem tyd om werklik die betekenis van die lewe te oordink en om andere, kunste en so meer raak te sien
• onderduk die drang om oral te gaan, alles te sien en te probeer wat nuut is
• oordink ervaringe om voordeel daaruit te trek
• ontwikkel sensitiwiteiit en gehoorsaamheid aan God se openbaring
• koester die simboliek van die lewe en geloof.

GODGEGEWE VRUGTE

- wees voortdurend in Jesus se geselskap
- ontsnap van selfgesentreerde afgetrokkenheid wat verhoed dat jy op andere kan fokus
- hanteer die spanninge van die lewe nadenkend, eerder as vermydend
- geniet jou menswees en die mooiheid in elk van jou broers en susters
- sien in dat daar meer is aan die lewe as doeltreffendheid en produktiwiteit
- wees geduldig met die lewe
- wees somtyds net, eerder as doen
- ontwikkel ‘n bewustheid van die ryk innerlike
- ontwikkel kennis deur Geloof, Hoop en Liefde, nie net met die verstand nie